
# Voegwoorde

Naam:

**Wat ek van voegwoorde moet weet.**

1. Voegwoorde se naam sê wat hulle doen: Hulle voeg sinne saam.
2. Voegwoorde is dus **verbindingswoorde**.
3. Voegwoorde bind twee enkelvoudige sinne in ŉ saamgestelde sin saam.
   a) Enkelvoudige sinne het net een werkwoord.
   b) Saamgestelde sinne het twee of meer werkwoorde.
4. Soms verander die woordorde van ŉ sin ná ŉ voegwoord. (Dink mooi.)
5. Skryf ŉ komma voor die voegwoorde want en maar.



**Kom ons oefen om voegwoorde reg te gebruik.**

**Verbind die sinne met die voegwoorde tussen hakies en sorg dat die leestekens en woordorde korrek is:**

1. Oupa sit sy bril op. Hy lees. (wanneer)



2. Wilma gaan poskantoor toe. Sy wil ŉ brief pos. (want)

3. Sy trek haar skoolklere aan. Sy gaan skool toe. (wanneer)



4. Ek hoor. Sarel is baie siek. (dat)

© e-classroom

5. Thembi het gehuil. Sy het haar vinger raak gesny. (toe)



6. Lena het gesê. Sy sal die tafel dek. (dat)

7. Dit is laat. Ek is moeg. (want)




8. Rudi bly in die bed. Hy is siek. (want)

9. Jan is soet. Freek is stout. (maar)

10. Hester kom by my speel. Die skole sluit in Desember. (wanneer)

11. Dit reën. Die riviere kom af. (en)



12. Die son skyn bedags. Die maan skyn snags. (maar)

© e-classroom

13. Dit was baie droog. Die mense is bly oor die reën. (daarom)



14. Ek hou van die hond. My oom het vir my die hond gegee. (wat)


15. Thando het sy pa geroep. Hy het hom nie gehoor nie. (maar)

16. Mamma het gesê. Ek moet haar in die kombuis help. (dat)



17. Ons gaan by Kobus speel. Dit reën nie vanmiddag nie. (as)

18. Ek sal moet huis toe gaan. My broer kom my haal. (sodra)



19. San het gehardloop. Sy wou die bus haal. (omdat)

20. Ma gooi eers die deeg in die pan. Sy sit die pan in die oond. (dan)



# Antwoorde

1. Oupa sit sy bril op. Hy lees. (wanneer)
   ***Oupa sit sy bril op wanneer hy lees.***
2. Wilma gaan poskantoor toe. Sy wil ŉ brief pos. (want)
   ***Wilma gaan poskantoor toe, want sy wil ŉ brief pos.***
3. Sy trek haar skoolklere aan. Sy gaan skool toe. (wanneer)
   ***Sy trek haar skoolklere aan wanneer sy skool toe gaan.***
4. Ek hoor. Sarel is baie siek. (dat)
   ***Ek hoor dat Sarel baie siek is.***
5. Thembi het gehuil. Sy het haar vinger raak gesny. (toe)
   ***Thembi het gehuil toe sy haar vinger raak gesny het.***
6. Lena het gesê. Sy sal die tafel dek. (dat)
   ***Lena het gesê dat sy die tafel sal dek.***
7. Dit is laat. Ek is moeg. (want)
   ***Ek is moeg, want dit is laat.***
8. Rudi bly in die bed. Hy is siek. (want)
   ***Rudi bly in die bed, want hy is siek.***
9. Jan is soet. Freek is stout. (maar)
   ***Jan is soet, maar Freek is stout.***
10. Hester kom by my speel. Die skole sluit in Desember. (wanneer)
    ***Hester kom by my speel wanneer die skole in Desember sluit.***
11. Dit reën. Die riviere kom af. (en)
    ***Dit reën en die riviere kom af.***
12. Die son skyn bedags. Die maan skyn snags. (maar)
    ***Die son skyn bedags en die maan skyn snags.***
13. Dit was baie droog. Die mense is bly oor die reën. (daarom)
    ***Dit was baie droog, daarom is die mense bly oor die reën.***
14. Ek hou van die hond. My oom het vir my die hond gegee. (wat)
    ***Ek hou van die hond wat my oom vir my gegee het.***
15. Thando het sy pa geroep. Hy het hom nie gehoor nie. (maar)
    ***Thando het sy pa geroep, maar hy het hom nie gehoor nie.***
16. Mamma het gesê. Ek moet haar in die kombuis help. (dat)
    ***Mamma het gesê dat ek haar in die kombuis moet help.***

17. Ons gaan by Kobus speel. Dit reën nie vanmiddag nie. (as)
    ***Ons gaan by Kobus speel as dit nie vanmiddag reën nie.***

18. Ek sal moet huis toe gaan. My broer kom my haal. (sodra)
    ***Ek sal moet huis toe gaan sodra my broer my kom haal.***

19. San het gehardloop. Sy wou die bus haal. (omdat)
    ***San het gehardloop omdat sy die bus wou haal.***

20. Ma gooi eers die deeg in die pan. Sy sit die pan in die oond. (dan)
    ***Ma gooi eers die deeg in die pan, dan sit sy die pan in die oond.***